'N TOEKOMSVISIE NA 2019:
ORGANISASIES IN DIE DWELM GEBRUIK VELD IN AFRIKA SE ALGEMENE STANDPUNT OOR DWELMS

1. INLEIDING

In Maart 2019 het die VN-kommissie vir Verdowingsmiddels 'n ministeriële segment op hoë vlak op sy 62ste gereelde sitting byeengeroep.[1] Tydens hierdie vergadering was lidlande 'n *Ministeriële verklaring eengesind oor die verskerping van ons optrede op nasionale, streeks- en internasionale vlak om die implementering van ons gesamentlike verpligtinge ten opsigte van die wêreldwye dwelmprobleem aan te spreek, te versnel.* [2] Hierdie verklaring het voorafgaande dokumente waaroor daar alreeds ooreengekom is, bevestig: insluitend die Politieke Verklaring en die Plan van Aksie met betrekking tot Internasionale Samewerking, van 2009, in verband met 'n Geïntegreerde en Gebalanseerde Strategie om die Wêreldwye Dwelmprobleem die Hoof te Bied,[3] en die resultaatsdokument van die Spesiale Sitting van die VN se Algemene Vergadering oor Dwelms (UNGASS) in 2016, wat 'n omvattende oorsig van die wêreld se dwelmsituasie oor sewe operasionele hoofstukke aangebied het.[4]

Hierdie dokument, tesame met die *Verenigde Nasies se ooreengekome standpunt met betrekking tot die implementering van die internasionale dwelmbeheerbeleid ondersteun effektiewe samewerking tussen agentskappe,*[5] bly van kardinale belang vir leiding aan die internasionale gemeenskap in verband met die aanspreek van die die wêreld se dwelmsituasie.

As deel van die proses om die resultate van die 2019-ministeriële segment deur die burgerlike samelewing in Afrika te versprei en te verstaan, is 'n verspreidingsforum in April 2019 deur die Slum Child Foundation in Nairobi, Kenia, gereël. Sedert hierdie vergadering is 'n konsep-gemeenskaplike standpunt opgestel en is wyd versprei aan belanghebbendes in die burgerlike samelewing regoor Afrika. Hierdie dokument is vervolgens verder bespreek tydens 'n vergadering met belanghebbende organisasies as deel van die 3de sitting van die Afrika-Unie se Gespesialiseerde Tegniese Komitee vir Gesondheid, Bevolking en Dwelmbeheer in Julie 2019 - alvorens dit formeel aan die komitee voorgelê is. Hierdie gemeenskaplike standpunt is daarop gemik om belanghebbende organisasies en sleutel diensverskaffers in die middelmisbruik veld se verpligtinge en optrede in verband met die Ministeriële Verklaring van 2019, en is toegespits op die formulering van 'n plan van aksie in lyn met vermelde ministriële verklaring, die plan van die Afrika-Unie vir Dwelmbeheer, die Afrika-Unie Agenda vir 2063, en verwante streeksverdrae en -konvensies.

2. AANHEF

Ons, Afrika se belanghebbende organisasies wie se werk verband hou met dwelms,

---

[1] https://www.unodc.org/unodc/en/commissions/CND/2019/2019-high-level-ministerial-segment.html
[2] https://www.unodc.org/documents/commissions/CND/2019/Ministerial_Declaration.pdf
[3] https://www.unodc.org/unodc/en/commissions/CND/Political_Declarations/Political-Declarations_2009-Declaration.html
[4] https://www.unodc.org/documents/postungass2016/outcome/V1603301-E.pdf
[5] https://www.unsceb.org/CEBPublicFiles/CEB-2018-2-SoD.pdf (Annex 1)

Erken die pogings wat die Afrika-Unie (AU) in vennootskap met sy lidlande in werking stel om dwelmverwante skade en uitdagings in die streek te bekamp, wat steeds 'n groot gesondheids- en menseregtebelang is om die Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (SDG's) te bereik en die AU-agenda vir 2063;

Erken ook dat die drie internasionale dwelmbeheer-konvensies die belangrikste pilare van die plaaslike dwelmbeheerstelsel bly, insluitend die belangrikheid daarvan vir lidlande en organisasies in die burgerlike samelewing in Afrika, en

vra daarom vir die volledige implementering daarvan in die gees van “Besorg te wees oor die gesondheid en welsyn van die mensdom";

Erken verder Afrika se Handves van Mense en Menseregte,[6] insluitend Artikel 16 wat bepaal dat elke individu die reg sal hê tot optimale liggaamlike en geestelike gesondheid;

Erken met kommer wat die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad (UNODC) na verwys as die “onbeplande gevolge” van dwelmbeheer: die geweldige kriminele swart mark, beleidsverskuiwing vanaf openbare gesondheid en menseregte, geografiese verskuiwing (ook na nuwe streke) en lande wat nie toegerus is om hierdie uitdagings die hoof te bied nie, verplasing van middels (insluitend nuwe psigo-aktiewe middels wat meer skadelik kan wees) en die persepsie van mense wat dwelms gebruik (insluitend kwesbare vroue en jongmense) as persone wie sosiaal onaanvaarbare gedrag toon en misdadigers;[7]

Verwelkom die aanbevelings van die Eerste en Tweede Vergaderings van die AU se Gespesialiseerde Tegniese Komitee vir Gesondheids-, Bevolkings- en Dwelmbeheer, maar ook bekommerd oor die feit dat die aanbevelings nog nie geïmplementeer word nie;

Neem in ag die aantal mense wat ons elke dag ondersteun wat deur dwelms, misbruik en dwelmbeheer in die streek beïnvloed word, spesifiek vroue en jongmense, en onthou diegene wie hul lewens verloor het en wie se dood vermy kon word;

Beklemtoon die belangrike rol wat die burgerlike samelewing in Afrika speel in die hantering van die wêreld se dwelmsituasie, en ook die dringende behoefte aan die formulering, implementering en evaluering van vakkundig- en navorsingsgebasseerde, gebalanseerde programme en beleid wat aangepas is vir die behoeftes van die streek, en die opskerping hiervan;

Erken die dringende behoefte vir samewerking tussen die Afrika-Unie, lidlande en organisasies in die burgerlike samelewing in Afrika aan aangeleenthede wat verband hou met dwelms, insluitend diegene wat in gebiede van beleid, voorkoming, vermindering van skade, behandeling, rehabilitasie, sosiale herintegrasie, herstel, strafreg , volhoubare ontwikkeling en palliatiewe sorg werk.

---

[6] http://www.achpr.org/instruments/achpr

[7] https://www.unodc.org/documents/commissions/CND/CND_Sessions/CND_51/1_CRPs/E-CN7-2008-CRP17_E.pdf

Daar is ‘n behoefte aan effektiewe en gebalanseerde implementering van belangrike dwelmverwante verbintenisse deur Afrika-lidlande;

Erken die belangrike rol van die Kommissie vir Verdowingsmiddels (CND), die Afrika-Unie, die UNODC, die Vienna NGO Committee on Drugs (VNGOC) en die New York NGO Committee for Drugs (NYNGOC) om die aktiewe en inklusiewe betrokkenheid van die burgerlike samelewing by besluitnemingsprosesse te verseker;

Beklemtoon die noodsaaklikheid van die skepping van 'n inklusiewe en gebalanseerde platform binne die Afrika-Unie vir die burgerlike samelewing om hul standpunte te lig, kwaliteit dienslewerings praktyke te deel en die bevordering van eenheid met betrekking tot streeksdialoog oor dwelms;

Is bewus dat daar 'n aansienlike gebrek is aan vakkunidge intervensies en die evaluering van hierdie dienste, beleide en wette ter ondersteuning van diegene wat deur dwelms beïnvloed word - insluitend, mense wie dwelms gebruik, hul gesinne en gemeenskappe, persone wie ‘n risiko het vir problematiese dwelm gebruik asook kwesbare groepe.

Ons erken dat daar persone is in die samelewing wie betrokke is by dwelmmarkte, en ander persone wie nie toegang het tot internasionaal beheerde noodsaaklike medisyne vir palliatiewe en chirurgiese sorg nie. Die gebrek aan behandeling van matige tot intense pyn, geestesgesondheidstoestande en dwelm verwante kondisie is kommerwekkend.;

Erken dat die vasteland geseën is met 'n ontwikkelende jeug-bevolking, wat baie positiwiteit en potensiaal vir Afrikan inhou, maar ook risikos met betrekking tot werkloosheid onder jeugdiges, ‘n hoë vlak van verstedeliking en armoede wat deur Afrika-regerings aangespreek moet word;

Dring daarop aan dat lidlande, via die Afrika-Unie, die dwelmsituasie in die street prioritiseer. Verder is daar ‘n versoek dat daar ‘n balans tussen algemene veilgheid, dwelmbeheer en toegang tot noodsaaklike medikasie moet wees en in die proses die voorkoming van die gebruik van nie-voorgeskrewe medikasie en die verspreiding hiervan. ‘n Verdere versoek is die bevordering van gesondheids- en menseregte weens die ergere kommer hieroor in Afrika veral onder jeugdiges wie die huidige en toekomstige leiers van die streek is. Hierdie skrewe erken die belangrikheid van die erkenning en implementering van effektiewe gesondheids- en menseregte om algehele gesondheidsdienste oral te vestig.

Beklemtoon die noodsaaklikheid dat lidlande, deur die Afrika-Unie, meer hulpbronne toewy aan publieke gesondheidsdienste wat gefokus is op dwelms en verwante navorsing ten einde koste-effektiewe, kwaliteit en relevante intervensies te skep, Dié proses kan ondersteun word deur die tegniese ondersteuning van die VN-vennote in lyn met die Ooreengekome Standpunt van die VN Stelsel;[8]

[8] https://www.unsceb.org/CEBPublicFiles/CEB-2018-2-SoD.pdf (Annex 1)

Erken die feit dat verskillende lande en subareas verskillende kontekste en behoeftes het, en daarom is relevante aksies nodig om in hul behoeftes te voorsien. Dit is belangrik dat die beskerming van menseregte en publieke gesondheidsdienste tydens hierdie proses verseker word.

3. ONS VERBINTENIS

Ons, Afrika se organisasies in die veld van dwelm gebruik:

Verbind ons om saam te werk met die Afrika-Unie en lidlande in die streek om te verseker dat die opinies, voorstelle en belewenisse van organisasies in ag geneem word in die ontwikkeling van kundige wetgewing, beleide en intervensies in ooreenstemming met streeks- en internasionale verdrae en verklarings;

Ondersteun die sleutelrol wat die Afrika-Unie speel in die formulering van streeksbeleide wat vakkunidge intervensies bevat en beskou tegniese en politieke ondersteuning as belangrik . Dus word die Afrika-Unieplan vir Aksie ten opsigte van Dwelmbeheer en Misdaad as kardinaal beskou (2019-2023);

Ondersteun ook die 2012-Ooreengekome Standpunt van die Afrika-Unie oor Medikasie Beheer en Toegang tot die bestuur van pyn,[9] Die oorkoepelende doel is die daarstel van 'n effektiewe stelsel vir die beheer van noodsaaklike medisyne vir pyn en lydin aldus Algemene Gesondheidsdeking riglyne.

Ondersteun die Afrika-Unie en lidlande verder om met vakkundige en relevante beleide en programme vorendag te kom en bestaande wetgewing te hersien en sodoende aandag te gee aan menseregte, insluitend die regte van kinders, ouer persone, die reg tot gesondheid en voldoening aan die internasionale en Afrika leiding en standaarde;

Verbind ons daartoe om die betrokke konvensies en verdrae van die Afrika-Unie in ons werk te inkorpereer met die hulp van lidlande ten einde eenvormigheid te verseker. Die is dus om soveel as moontlik lande betrokke te maak en so min as moontlik persone en gemeenskappe uit te sluit.

Versoek die Afrika-Unie en sy lidlande om al die huidige verpligtinge wat in die Ministeriële Verklaring van 2019 gestipuleer word, na te kom en om nou saam te werk met organisasies in die veld met die ontwikkeling van effektiewe kwantitatiewe en kwalitatiewe aksies vir die aanspreek van dwelmgebruik en gepaardgaande skade. Hierdie noue samewerking sluit die monitering en evaluering van dwelmverwante kwessies en die volledige implementering van die AU-Plan van Aksie in. Dié proses sal rigting gee aan die vordering en uitdagings in die dwelm gebruik dienste veld en spreek tot beleidsevolusie.

[9] http://www.carmma.org/sites/default/files/PDF-uploads/African%20Common%20Position%20on%20Controlled%20Substances%20and%20Access%20to%20Pain%20Mgt%20Drugs%20-%20English.pdf

Moedig ons beleidmakers aan om die ingewikkelde en dringende kwessies wat verband hou met die plaaslike dwelmsituasie aan te spreek, en deur middel van dialoog en kruisbestuiwing in vennootskappe eerlik en realisties te wees oor die werklike situasie insake dwelm gebruik in die streek . Hierdie analise van die dwelm gebruik situasie in die streek moet gedoen word in oorlegging met die VN-dwelmkonvensies en die ooreengekome standpunt van die VN-stelsel, die opheffing van kriminele sanksies vir nie-ernstige dwelmoortredings;

Verbind ons om voort te gaan met samewerking met die UNODC, WHO en die NGO-komitees en sodoende ons werk te integreer in ooreenstemming met die Ministeriële Verklaring van 2019 en enige toekomstige dwelm beleidsinstrumente, en versoek om die ondersteuning van UNODC verder uit te brei. Ons wil deur hierdie proses ons deel doen in die aanspreek van die wêreld se dwelm situasie.

Beklemtoon ons versoek en bereidwilligheid om deel te neem aan relevante dialoë met die Afrika-Unie en met ander eendersdenkende vennote om platforms uit te brei waarop burgerlike organisasies kan skakel met mekaar en bovermelde internasionale liggame. Insake kwessies wat verband hou met die dwelm situasie.